SAKE 24 (Beeld), Naweek
Saturday, 6 February 2010, p. 14

Jou gids tot persoonlike finansies

Dié antwoorde kan help met boedelbeplanning

Baie mense vermy deeglike en doeltreffende boedelbeplanning omdat dit te ingewikkeld en emosioneel voorkom.

Me. Sophia Venter van Citadel Trust verskaf antwoorde op die volgende algemene knelvrae.

Hoe moet 'n standaardboedel lyk?

Daar sal nooit 'n standaard- of gemiddelde voorskrif vir elke boedel kan wees nie. Elke familie het sy eie unieke omstandighede en behoeftes. Daarom moet elke boedel met beplanning buigsaam en persoonlik ontwerp wees.

Is 'n testamentêre brief nodig met aanbevelings oor kleiner bates, soos juwele?

'n Brief van wense vorm nie deel van 'n testament nie. Die eksekuteur het regtens geen verpligting om daaraan uitvoering te gee nie. Dit sal 'n wyse stap wees om met alle bates in die testament gelyk te handel om moontlike geskille te voorkom. Indien egter aangedring word om spesifiek sekere bates apart te lys, moet dit deel van die testament vorm as 'n aanhangsel.

Is twee testamente nodig indien ek plaaslike sowel as buitelandse bates besit?

Twee testamente is oorbodig indien 'n professionele eksekuteur aangestel word wat die boedel vanuit SA beredder. Die voordeel van een testament is dat die familie slegs met een eksekuteur skakel wat verantwoordelikheid neem vir binnelandse sowel as buitelandse bates. Uitsonderings op dié reël is as bates in buitelandse jurisdiksies gesetel is wat moeilike oordragvereistes vir onroerende eiendom het of ingewikkelde erfopvolgingsreëls bevat.

Maak dit sin om bates in 'n trust te behou as kapitaalwinsbelasting (KWB) op trusts 20% beloop teenoor gewone bates se 10%?

Verskeie ander oorwegings, en nie net KWB nie, is nodig wanneer so 'n besluit geneem word. 'n Oorweging soos die beskerming van bates kan 'n belangriker kwessie wees as duurder nominale KWB.

'n Effektiewe KWB-koers van 20% word gehef op 'n kapitaalwins in 'n trust in die finansiële jaar. Die belastinglas kan verskuif word deur die aanwending van sekere reëls in die Inkomstebelastingwet waardeur die kapitale wins belasbaar word in die hande van die persoon wat die trust gefinansier het. Die trustees kan ook besluit om die kapitale wins uit te keer aan 'n begunstigde van die trust. Die kapitale wins sal dan belasbaar wees teen die marginale belastingkoers van die begunstigde. Dit is dus moontlik om die kapitale wins te beperk tot 'n maksimum koers van 10%.

Hoe kan 'n kind wat oorsee woon sy kontant-erfporsie ontvang?

Indien 'n kind formeel geëmigreer het, kan kontant eenvoudig oorgeplaas word in 'n buitelandse bankrekening. Indien emigrasie informeel is, kan die kontant na 'n plaaslike rekening oorgeplaas word totdat die boedel gefinaliseer is. Valutabeheermaatreëls sal steeds van toepassing wees.